

The work entails a study of the distribution of the troops, their population patterns, their daily movements and habits, particularly their feeding habits, and methods of control. In the area in which the investigations are being done, counts indicate that the total number of baboons must exceed 5,000.

Experiments are being made with self-operating trap-cages that can catch several animals at a time. Baboons caught in this manner are unhurt and are made available to research institutions.

9. DIE DRATYD VAN DIE BREËLIP - OF WITRENOSTER.

Op 11 April 1964 het 'n witrenosterkoei (Caprotherium simum simum) 'n verskalfie, Primaria, in die Loskopdam-natuurreservaat in die wêreld gebring. Dit was die eerste van sy soort wat gebore is op enige plek buite Zoeloeland sedert 1896, die jaar waarin hierdie renostersoort van Suid-Afrika, uitgesonderd Zoeloeland, verdwyn het.

Nou is daar 'n tweede kalfie van dieselfde koei in die reservaat gebore. Mnr. C.J. Smit, plaasbestuurder van die Loskopdam-natuurreservaat, het die paring waargeneem en die koei daarna gereeld onder toesig gehou. Die kalfie is om vyf minute oor vier uur nm. op 9 Augustus 1968 gebore, en volgens sy aantekeninge is dit 20 maande, 14 dae en 4 uur nadat hy die paring waargeneem het.

Daar is uiters min gepubliseerde inligting oor die dratyd van hierdie renostersoort. In 1924 het wyle H. Lang beweer dat die dratyd 18 maande is, maar dit is slegs 'n beraming wat nie gegrond is op waarnemings nie. In 1960 het W.E. Foster 'n geval van 'n koei in die Umfolozi-reservaat beskryf en onder sekere veronderstellings tot die gevolgtrekking gekom dat die dratyd 19 maande is (Lammergeyer, Vol. I No. 1, 1960).


10. HOE VINNIG Vlieg DIE BOSDUIF (KRANSDUIF)?

Natuurbehearingsbeampte P.N. Kassimatis berig dat hy en mnr. De Klerk op pad van die Vaaldam-natuurreservaat na Heidelberg opgemerk het dat 'n bosduif langs die voertuig vlieg. Vir 'n afstand van ongeveer 'n myl het die duif teen die voertuig se snelheid van 60 myl per uur gevlieg voordat die duif weggedraai het.

Sover bekend is die maksimum betroubare vliegsnelheid van 'n voël dié van 'n posduif wat 94.3 myl per uur gevlieg het. (L.W. Wing).

11. PROTECTED PLANTS OF THE TRANSVAAL.

Requests for information about the protected plants of the Transvaal are fairly often received. Now that the new ordinance is in operation and the list of protected plants



With the Compliments of

Director of Nature Conservation,
Transvaal Provincial Administration.

Private Bag 209,
Pretoria,
Republic of South Africa.